



*I'm not old, I'm a classic*

### **CARS in the PARK 2016@ ZWARTKOPS**

Die 37ste POMC - Cars in the Park uitstalling van die Pretoria Oumotorklub word op 31 Julie by die Zwartkops renbaan aangebied. Van veteraanmotors en motorfietse tot "musclecars" sal te siene wees. Meer as 100 motorklubs stal jaarliks hulle voertuie hier uit. Die "Market on the Track" se kosstalletjies belooft om voldoende en kwaliteit eetgoed beskikbaar te hê vir die toeskouers en deelnemers. 'n Wye verskeidenheid items sal te koop wees by die vlooi- en handwerkmark. Daar is ook 'n kommersiële afdeling met motortoebehore en nuwe voertuie.



Hierdie is 'n besondere geleentheid vir 'n gesinsuitstappie, om die kinders oupa se motor, jou eerste motor, of die motor van jou drome te wys. Kinders onder 12 se toegang is gratis en daar is ook 'n speelarea spesiaal vir hulle ingerig. Die renstel ("go-cart") baan sal geleentheid bied vir persone wat in veilige omstandighede hulle jaag vernuf wil beproef.

Die Pretoria Oumotorklub se voertuie sal in die kuipe uitgestal word en daar sal veteraanvoertuie van om en by 1905 tot “musclecars” van die 1980s te sien wees.

Die Pretoria Oumotorklub herdenk hul 50 jarige bestaan met ‘n spesiale uitstalling en oggend tee met voorsitters van deelnemende klubs.

Om die verkeersvloei te verlig, is daar nou ‘n tweede uitgang vanaf die parkeerterrein ingerig, terwyl ‘n nuwe parkeerterrein aan die suidekant van die baan met afsonderlike ingang, ook ingerig is.

Hekke open om 08:00 vir toeskouers. Kom vroeg en kuier heeldag. Kaartjies is by die hekke beskikbaar teen R100 vir volwassenes en kinders onder 12 gratis . Meer inligting is beskikbaar op ons webtuiste by [www.pomccitp.co.za](http://www.pomccitp.co.za) of op ons Facebook-blad. Onthou: Cars in the Park - 'n unieke een dag uitstalling vir motor-entoesiaste.